

Omgewingsregering as gesamentlike menslike optrede wat geregtigheid handhaaf

Martin de Wit*

Die doel van [Wêreldomgewingsdag](#) op 5 Junie is om mense van omgewingskwessies bewus te maak en hulle aan te spoor om die planeet te beskerm. Ons hoor en lees dikwels van individuele optrede (leefstylveranderinge, herwinning, huishoudelike sonkrag, ensovoorts), sake-inisiatiewe (soos omgewingsbestuurstelsels, voorsieningskanaalbestuur, en die beginsel om in die omgewing, maatskaplike kwessies en korporatiewe beheer ('ESG') te investeer) of regeringspogings (waaronder omgewingswetgewing, koolstofvrystellingstandaarde, koolstofbelasting, en omgewingstudies). Nietemin word daar betreklik min aandag geskenk aan die geleenthede en struikelblokke van gesamentlike optrede in reaksie op omgewingsprobleme, oftewel die terrein van omgewingsregering, wat ook die onderwerp van hierdie artikel is.

Mense is weliswaar deel van die omgewing, maar ons is ook die enigste spesie met die verantwoordelikheid om dit te beskerm. Teen die agtergrond van toenemende wêreldwye ekologiese krisis is daar 'n ál hoe groter behoefte dat mense hulle optrede oor politieke en geografiese grense heen sal koördineer. Die brandende vraagstuk is of die mensdom se pogings tot omgewingsregering genoeg sal wees om 'n ekologiese ramp van 'n planetêre omvang te verhoed.

Die terrein van omgewingsbestuur handel daaroor om menslike impak te beperk deur na die aarde én menslike lewe om te sien. Nogtans laat ontstaan bewyse van toenemende ekologiese krisis tereg twyfel oor die voldoendeheid van omgewingsbestuurstelsels om die negatiewe uitwerking van menslike aktiwiteite op die omgewing te beheer. Wêreldwye omgewingsprobleme oorskry tans omgewingsbestuurstelsels se vermoë om volhoubaarheid te waarborg.

In die lig van die tekortkominge van omgewingsbestuur verskuif die gesprek nou na omgewingsregering, wat in wese daaroor gaan om "[die probleem van ekonomiese en politieke koördinerings in die samelewing](#)" te hanteer. Die Nobelpryswenner Elinor Ostrom [merk op](#) dat die probleem van gesamentlike optrede deur koördinerings en samewerking opgelos moet word. Die Noorweegse vakkundige Arild Vatn [verduidelik op sy beurt](#) dat die ontluikende terrein van omgewingsregering bestudeer hoe instellings buiten die staat, sowel as 'n verskeidenheid rolspelers, in die samelewing koördineer om omgewingsprobleme op verskillende skale die stryd aan te sê.

Denke oor hoe toenemende omgewingsprobleme hanteer behoort te word, het sedert die middel van die 20^{ste} eeu noemenswaardige verskuiwings ondergaan. Namate probleme soos die gevolge van wêreldwye klimaatsverandering, biodiversiteitsverlies en woestynvorming in die 1980's en 1990's duideliker na vore begin kom het, het die behoefte aan wêreldwye gesamentlike optrede en samewerking toegeneem. Die term 'globale regering' impliseer dat nie net soewereine state nie, maar "[alle tipes rolspelers tot transnasionale en internasionale ordes kan bydra om vorme van regering tot stand te bring, selfs al bestaan daar nie 'n doeltreffende wêreldregering nie](#)". Enkelvoudige staatsbeleide oor die omgewing, gewoonlik in die vorm van regulasies, het plek gemaak vir 'n "[magdom verskillende skemas van](#)

[selfregering, openbare–privaat vennootskappe, samewerking, beleidsentrepreneurs en deelnemende inisiatiewe, wat gewoonlik alles onder die oorkoepelende term ‘regering’ val”.](#)

Andrew Jordan en sy medeskrywers sê in [Public Administration](#) (2003) dat omgewingsregering met die opgang van “nuwe omgewingsbeleidsinstrumente” (NEPI’s) verbind word, veral markgebaseerde instrumente soos omgewingsbelasting en verhandelbare besoedelingspermitte, eko-etikette en vrywillige ooreenkomste. Hierdie tipe NEPI’s het die afgelope paar dekades sterker begin posvat, maar het nog nie tradisionele staatsreguleringsinstrumente ten volle vervang nie.

Omgewingsprobleme strek oor landsgrense, en dus moet regerings met mekaar onderhandel. Hieruit het ’n hele aantal [internasionale omgewingsooreenkomste](#) (IOO’s) al tot stand gekom: Trouens, daar is tans meer as 1 500 multilaterale omgewingsooreenkomste en oor die 2 300 bilaterale ooreenkomste. IOO’s vóór 1960 was oorwegend gemoeid met spesies, maar ná die 1960’s het besoedeling en ander kwessies soos habitat en – sedert die 1990’s – klimaat ’n groter rol begin speel.

Daar het die afgelope twee dekades ook ’n verdere groot verskuiwing op die terrein van omgewingsregering plaasgevind. In die lig van IOO’s se beperkte sukses om hulle doelstellings te bereik (met ’n paar belangrike uitsonderings, soos die Montreal-protokol om die aarde se osoonlaag te beskerm) en toenemende bewyse van ekologiese krisis op ’n wêreldskaal, [word tradisionele multilaterale reaksies op omgewingsprobleme nou as onvoldoende beskou](#). Wetenskaplikes het kommerwekkende bewyse oor die onafwendbare gevolge van klimaatsverandering en biodiversiteitsverlies gepubliseer (Tussenregeringspaneel oor Klimaatsverandering 2018; Tussenregeringsplatform vir Wetenskap en Beleid oor Biodiversiteit en Ekosisteedienste 2019) en reken dat [planetêre grense](#) oorskry word, met ’n moontlike ernstige drumpelleffek.

[Party vakkundiges](#) stel nou ’n alternatiewe, transformerende benadering voor; ’n “vinnige transformerende strukturele verandering in globale regering” wat “doeltreffende en besliste optrede” insluit. Die klem van hierdie ontluikende regeringsbenadering val op [“die dinamiek en verandering in regeringstelsels én die rolspelers daarin”](#). Met ander woorde, as gevolg van die waargenome snelle verandering op ’n planetêre vlak, waarvan rolspelers ’n deel uitmaak, moet globale regering herstruktureer word om sterk en besliste optrede deur regerings te ondersteun. Rolspelers en instellings word noodwendig meegesleur deur nadelige planetêre verandering, wat weinig ruimte laat om op te tree.

Die belangrike konseptuele verskuiwing in so ’n reaksie is weg van ’n regeringstelsel van instellings, reëls en rolspelers na ‘samelewingsoorgange’, of ’n tipe ‘kompleksiteitsgegronde regering’, waarvolgens samelewings die oorgang na normatiewe langtermyn doelwitte vir volhoubaarheid maak. Wat nodig is, is ’n tipe regering wat sowel soepel as stabiel is – soepel genoeg om op verandering te reageer, en stabiel genoeg om regsoewereiniteit en ’n konsekwente stroom van openbare dienste te handhaaf.

Die moontlikheid van [nielineêre, wisselwerkende planetêre grense](#) hou daarom groot uitdagings vir ’n stelsel van globale regering in. Voorstanders van hierdie soort kompleksiteitsgegronde regering gee self toe dat ’n mens kan verwag dat [“komplekse, aanpasbare stelsels deur suboptimale regeringstelsels regeer sal word”](#). Wat egter volgens

hulle duidelik is, is dat regering nie net verbeter moet word nie, maar veral “[herbedink moet word om die kruispunt tussen mens en omgewing beter te hanteer](#)”. Nietemin is praktiese, politieke aanvaarbare en uitvoerbare alternatiewe (nog) nie geredelik beskikbaar nie.

My eie bydrae tot die voortgesette debat oor omgewingsregering is soos volg: Ongeag of die koördinering in die samelewing deur multilaterale instellings, reëls en rolspelers, of deur samelewingsoorgange en ‘kompleksiteitsgegronde regering’ plaasvind, moet dit rekening hou daarmee dat die mens die enigste spesie is met die verantwoordelikheid om op te tree. Een belangrike aspek om planetêre grense op ’n menslike manier te bestuur is om die ‘ander’ te erken – nie net as rolspelers of as deel van ’n samelewing nie, maar as persone – en om dit dan as uitgangspunt te gebruik om universele geregtigheid vir almal te bewerkstellig.

In ’n globale wêreld met swakker en meer indirekte verhoudings is ’n betroubare manier om geregtigheid te handhaaf noodsaaklik vir doeltreffende gesamentlike optrede. Die handhawing van geregtigheid behoort ’n topprioriteit van omgewingsregering te wees om ’n ekologiese ramp van ’n planetêre omvang af te weer.

***Prof Martin de Wit is die akademiese hoof van Omgewingsbestuur by die Skool vir Publieke Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.**